# Bloutong in skape

(Jannie Fourie, NWKV Produksie Adviseur:  Weskaap
Sel:  083 564 1105; Epos:  jannie@overbergwireless.co.za

---

Bloutong is 'n virus (Orbivirus) en word biologies oorgedra deur bloedsuiende muggies. Muggies broei in groot getalle in laagliggende dele, langs riviere, vleie en damme, asook besproeide weidings (warm en vogtig).  Hierdie siekte is seisoenaal en kom voor veral in somer en herfs-maande (Desember tot Maart). In koue gebiede verdwyn die siekte 2 weke na eerste ryp en in gebiede met matige winters kan dit self dwarsdeur die jaar voorkom.  Die virus kan oorwinter in beeste wat simptoomlose draers is.

**Simptome van Bloutong:**

- Koors (bokant 40.5°C)
- Lusteloos en traag
- Geswelde lippe en soms ook ore
- Donker-rooi tot blou verkleuring in die bek, neus en oogslymvliese.
- Kleinerige bloedings in slymvliese van neus en bek
- Rou sere op tong wat baie pynlik is
- Tong is opgeswel en kan by bek uithang in erge gevalle
- Loop baie moeilik as gevolg van inflammasie in die hoefkroon.  Pote is warm en pynlik, dit vertoon as pers-rooi band waar die hoef by die vel van die been aansluit.
- Soms skewe nek
- Vinnige asemhaling
- Aanpaksels in neusgate
- Wol breek
- Swak vrugbaarheid by ramme
- Aborsies kan by ooie voorkom as gevolg van koors

**Behandeling:**

- Virusse kan nie soos bakterieë met antibiotika vernietig word nie
- Bring siek diere na skadu met sagte groenvoer of hoe kwaliteit pille en vars drinkwater
- Die kans is daar dat longinfekssie kan ontwikkel - behandel skape met langwerkende antibiotikum
- Vee neusgate skoon dat skaap makliker kan asemhaal
- Weens verlies aan eetlus en koors kan die dier se rumen ophou funksioneer (rumenstase).  Indien dit gebeur, kry vars skaap pensmis by slagpale, druk die pens-

water uit deur 'n kaasdoek en doseer vir skaap of gebruik kommersiële middels op mark.

- Die belangrikste aspek is aandag en goeie sorg vir siek diere
- Kry middel by veearts vir inflammasie, koors en pyn
- Spuit Vit B kompleks - dit help om eetlus aan te wakker

- Stel ontwatering reg - gee glukose en sout oplossing (opgehoopte teelepel sout en suiker in 2 liter water). Doseer lammers 1 tot 2 liter en grootskaap tot 5 liter.
- Spoel neus en mond met sterk sout oplossing uit
- Beheer lastige vlieë en muggies. Gebruik dipmengsel en bespuit skape weekliks.

**Voorkomming:**

- Inenting is die enigste oplossing om bloutong te voorkom.
- Laat diere onderdak slaap en hou hulle daar teen son-opkoms en skemer want muggies is nagvoeders.
- Belangrikste tyd om te ent is vanaf Augustus tot Desember.
- Entstof kan vrugbaarheid van ramme affekteer
- Ent jong skape op 6 maande ouderdom, lammers kry wel immuniteit deur die biesmelk van ingeënte ooie.
- Entstof kom in A B C verpakking en moet 3 weke uit mekaar toegedien word. Dit is baie belangrik om by voorskrifte te hou om voldoende weerstand op te bou.
- As siekte reeds voorkom, moet baie streng maatreëls getref word, naamlik inenting slegs met 1 naald per dier, verskuif na hoërliggende dele, bespuiting met insekwerende middel 1 tot 2 keer per week gedurende eerste 3 tot 4 weke na inenting tot immuniteit verkry is.
- Onthou dragtige ooie kan aborteer as gevolg van die inenting.

CAPE WOOLS SA

NWKV NWGA

*Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.*